



eduresourceza.com

AFDELING A

LETTERKUNDE

VRAAG 1

KONTEKSTUEEL

Lees deur die volgende uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Hy stap in die donker gang af. Dis soos daardie aand toe hy sy pa in die studeerkamer gekry het. Voor sy oë sien hy steeds sy pa se groot lyf half oor die lessenaar gebuig toe die deur oopgaan. Hy sien die geel koevert. Sien die 9mm pistool.

Bl. 7

1.1.1	Wie is die seun wat in die gang afloop?	(1)
1.1.2	Hoe vorm hy later deel van Greg se lewe?	(1)
	Xander Hy gaan na Greg se skool toe / verwoes sy lewe	(1) (1)
1.2	Watter inligting het dié seun vir sy pa en hoe reageer sy pa daarop?	(2)
	Daar is mense wat sy pa soek Hy is senuweeagtig / sê Xander moet wegkruip	1 1
“Naand, kan ek julle help?” vra sy pa van die voorportaal, waar die lig sag gloei. Sy stem is gespanne, dof, asof hy uit ’n bodemlose diepte praat. Bl. 9		
1.3	Wat gebeur met die seun en sy pa na die aanhaling? Noem twee feite.	(2)
	Pa gaan groet die mans Hy word aangeval Hy word vermoor / vermis.	seun kruip weg 1 1
1.4	Hoe beïnvloed die insident res van die jong seun se lewe?	(1)
	Hy maak dit sy lewensmissie om wraak te neem.	1
		[7]
Maar die Baker...die een wat weggekom het. Wie is hy? Waar is hy? Wat doen hy nou? Wat het hy om te verloor? Hoe hou hy my pa-hulle stil? Dis wat ek gaan uitvind. Bl. 39		
1.5	Is dit moontlik vir Greg om van sy verlede te ontsnap? Sê Ja of Nee en motiveer jou antwoord.	(2)
	Nee, Mense herken hom oral waar hy gaan.	1 1

1.6	Waarom besluit Greg om die Baker te vind ?	(1)
	Hy voel dis regverdig - die Baker moet OOK vir sy oortredings betaal	1
1.7.1	Wat weet hy van die Baker voor hy sy soektog begin? Noem enige twee feite .	(2)
	Hy is deel van PNR Virus gemaak / kennis van virologie / siektes farmakologie Sy pa se ouderdom Intelligent	1 1
		[5]
“So? Wassit?” “Wees net ’n bietjie rustig vir my, Plank.” Kopskuddend vou ek die boks oop. Vat eerste ’n koevert binne raak. Daar is ’n brief in. Ek haal dit uit. Lees die getikte boodskap. “Miskien sal dit jou help om die Baker op te spoor”. Bl. 53		
1.8	Waarom was Plank so geskok toe Greg die brief vir hom lees?	(1)
	Greg is steeds/ weer besig met die PNR nonsens	1
1.9	Binne in die boks is ’n ou boekie. Noem enige twee goed wat Greg in die boekie lees.	(2)
	Formules Nommers Kriptiese notas Vae diagram Die woord “Valkyrie”	1 1
		[3] [15]

VRAAG 2

PARAGRAAF EN KONTEKSTUEEL

2.1 Die nuwe mense in Greg se lewe.

Greg het **drie nuwe mense** in sy kort tydjie op Stellenbosch ontmoet. **Chloe, Dain en Lisa**. Skryf nou ’n paragraaf van **120 - 150 woorde** oor die nuwe mense in sy lewe.

Chloe	
- Hoe ontmoet Greg vir Chloe?	(1)
- Wat studeer sy?	(1)
- Wat dink jy was Greg se eerste indruk van haar? Waarom sê jy so?	(2)
- Hoe probeer Chloe Greg by die studente lewe te betrek (<i>involve</i>)?	(1)
- Woon is dieselfde gebou / hy was op pad in.	(1)
- Kuns	(1)
- Voor op die wa - los hom nie uit nie, kan nie agterkom dat hy haar probeer afsê nie / ekstroversie, kan baie mense	(2)

- Sy nooi hom uit na Vensters.	(1)
Dain - Hoe ontmoet Greg vir Dain? - Wat studeer Dain, hoe weet ons dit? - Wat, dink jy, was Greg se eerste indruk van Dain? Waarom sê jy so?	(1) (2) (2)
- Sit langs hom in die lesinglokaal – in Greg se klas - Sportwetenskap / hy het n sportwetenskap hemp aan - Goeie mens / sê vir Greg sy verlede maak nie saak nie / gemaklik/ se greg is een van hulle	(1) (2) (2)
Lisa - By wie hoor Greg vir die eerste keer van Lisa? - Wanneer ontmoet Greg vir Lisa? - Wat was Greg se eerste indruk van Lisa? - Hulle eerste ontmoeting het nie goed gegaan nie. Waarom?	(1) (1) (1) (1)
- Plank vertel hom van haar - By Kauai saam plank / sou by Kauai ontmoet - Sy is baie mooi - Haar pa het Lisa verbied om Greg weer te sien.	(1) (1) (1) (1)
	[14]

“Daardie hacking-goed waarmee jy besig was - los dit!”

“Ek sal, oom.”

“Jy weet nie waarmee jy speel nie. Daar is goed in hierdie wêreld wat donkerder is as donker. Vieslike mense wat vieslike goed aanvang.”

Bl. 50

2.2.1	Wie waarsku vir Greg in die bostaande aanhaling en waar pas hy by die storie in.	(2)
	Dirk Schutte / oom Dirk. Hy is Lisa se pa.	
2.2.2	Waarom het hy met Greg kom praat?	(1)
	Jammer kom se oor sy reaksie.	
2.2.3	Waarom is hierdie karakter se waarskuwing geldig (valid)?	(1)
	Hy was in die polisie	
2.2.4	Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord. Greg luister na die waarskuwings.	(2)
	Onwaar Greg het al vroeër besluit hy gaan die Baker opspoor.	
		[6]
	TOTAAL VRAAG 2:	[20]

3.1	Oom Dirk: Waar bly jy en jou ma in Johannesburg?	(1)
	Sy woon in Sandhurst	
3.2	Oom Dirk: Hoe ken jy vir Plank?	(2)
	Ons was saam op skool / ons het saam rugby gespeel / hy is my vriend in Stellenbosch	
3.3	Oom Dirk: Waar het jy daardie vrou met die streng gesig van tevore gesien?	(2)
	Sy was in die hof en sy was ook by Vensters	
3.4	Oom Dirk: Hoe is jou ouer broer, John, oorlede?	(2)
	Hy het selfmoord gepleeg / 'n oordosis pille gevat	
3.5	Oom Dirk: Watter twee mense het die "saadjie in jou geplant" om die Baker op te spoor?	(2)
	Die vrou by die gastehuis (B&B) in Beaufort Wes en die dronk eerstejaar student by Vensters	
3.6	Oom Dirk: Wie was deel van Project Nursery Rhyme se onheilige drie-eenheid? Wees spesifiek oor watter rol elkeen van hulle gespeel het.	(5)
	Dok Pienaar – die Butcher My pa (Chris Owen) – die Candlestick maker Die Baker	
3.7	Oom Dirk: Hoe is dit moontlik dat jy so 'n duur motor ry en in so 'n gerieflike woonstel bly?	(1)
	Ons het geld in 'n trustfonds	
3.8	Oom Dirk: Hoekom dink jy dat Dokter Rian Trollip nie die Baker is nie?	(1)
	Hy is dood	
		[15]

1. John

- Hoe het Lawson College van die spoke van John ontslae geraak? (1)
Die skool het alles van John uit die museum verwyder. (foto's, skoolbaadjie, getekende rugbybal.
- Hoekom noem Greg John se kamer 'n "gedenk-altaar"? (1)
Sy ma het alles net so gelos nadat John dood is.
- Hoe het John se motto, "*Vir die val vir die vrees*" by sy vermaak gepas? Noem twee voorbeelde. (2)
Bungee jump (1) by Orlando torings in Soweto, reusetouswaai (1) by Moses Mabida in Durban of white-water rafting op die Oranjerivier, rotsklim in Kaapstad. (Plekke is nie belangrik nie, slegs aktiwiteite)
- Hoekom het Greg 'n foto van John se foto geneem voordat hy vertrek het? (1)
Om die derde dood te besweer / sodat hy nie sy broer vergeet nie.
- Wat doen Greg se ma wanneer die gemis na John vir haar te veel word? (1)
Sy skree
- Wie het moontlik 'n aandeel in John se dood gehad? (1)
Dalk sy pa

[7]

3. Chris Owen

- Hoekom was Project Nursery Rhyme so gevaarlik? (1)
Baie mense is in die proses dood / het siek geword.
- Waar het Greg inligting oor hierdie projek gekry en wie het hom gehelp? (2)
Op die donker web. / internet. (1) Eckardt het hom gehelp. (1)
- Hoekom het hierdie persoon vir Greg gehelp? Gee twee redes. (2)
Hy wou wraak neem / hy wou vir Greg wys vir sy pa regtig is.
- Watter twee mense het a.g.v hierdie projek in die tronk beland? (2)
Greg se pa / Chris Owen en Dok Pienaar
- Dink jy Greg sou die skandaal oopgeplek het as hy geweet het wie betrekke was? Hoe voel Greg hieroor? (1)
Nee. (½) Hy voel skuldig. (½)
- Watter spook (skoolmaat) het vir Greg tydens sy matriekjaar verraai? (1)
TJ (Lawson)

[9]

4. Spoke op die kampus

- Wat was oom Dirk se reaksie toe hy vir Greg herken? Gee twee feite (2)

Hy het vir Lisa gese om terug in die kar te klim (1) Vir Greg gedreig om van sy dogter af weg te bly. / Met Lisa weggery

- Die spoke uit die verlede het bygedra dat Greg se persoonlikheid verander het. Noem twee maniere hoe hy verander het. (2)

Hy kan nie ligsinnig wees nie / sukkel om by studentepret in te skakel./ Hy is ernstig / Hy meng nie met ander studente nie / hou homself eenkant. (enige 2)

[4]

[20]

Taal en struktuur 5

TOTAAL : 25